



## South African Wood Preservers Association

Geagte Lede

### KOOLSTOFBELASTINGWETGEWING

Die Koolstofbelastingwet 15 van 2019 het op 1 Junie 2019 in werking getree met die doel om belasting te verlaag van kweekhuiskas (KHG)-vrystellers wat die toegelate drumpel oorskry, soos vervat in die skedules tot die Wet en die Regulasies t.o.v. kweekhuiskasemissies en rapportering. Die spesifieke drumpellimiet vir verbrandingstoestelle, ingesluit ketels, hitteruiler ens., is die gekombineerde ontwerp en geïnstalleerde kapasiteit gelykstaande aan en meer as 10 MW.

Alhoewel die belasting gemik is op die grootskaalse vrystellers van KHG's tydens die verbranding van fossielbrandstowwe, bv. steenkool vir energieverwerking, sluit dit nie biomassa en hout uit nie. Die verbranding van biomassa en hout stel wel aansienlik minder KHG's vry.

Die energieleweringse kapasiteit van meeste produseerders van verduurde hout wat hitte genereer, i.e. kreesootaanlegte, sal aansienlik laer wees as die drumpellimiet van 10 MW, en die koolstofbelasting sal dus nie van toepassing wees nie. Groter aanlegte wat oondroging toepas vir transmissiepale mag moontlik wel die drumpel oorskry, so ook baie saagmeulens weens hul oondrogingsprosesse, ens.

In die geval van aanlegte, waar die gekombineerde ontwerp en geïnstalleerde kapasiteit wel gelyk aan of meer as die 10MW drumpellimiet is, sal sulke aanlegte hulle KHG emissies moet rapporteer op die National Air Emission Information System netwerk (NAEIS) van Departement Omgewingsake. Die belasting word bereken teen R120/ton KHG-emissies minus 'n 60% basiese afslag of toelating tydens die eerste fase vanaf 1 Junie 2019 tot en met 31 Desember 2022. Daarbenewens is daar verdere toelatings beskikbaar vir maatskappye wat die totale afslag tot 95% kan verhoog. Lede wat graag meer wil weet oor die koolstofwetgewing en regulasies kan ons kontak vir elektroniese kopieë.

### NRVS EN ONWETTIGE HOUTVERDUURSAMING

In Nuusbrief 219 van November 2018, en ook tydens die streekvergaderings vroeër vanjaar, het ons gerapporteer oor ons pogings om die DTI en DAFF te betrek met die oplossing van die NRVS se operasionele en logistieke onbevoegdheid betreffende die toenemende probleem van behandeling en verkope van onwettigbehandelde hout. Die pogings het gelei tot 'n vergadering by DTI in Oktober 2019 en 'n latere vergadering by DAFF in November 2019. Na aanleiding van die vergadering by DAFF is SAWPA versoek om 'n gedetailleerde brief aan die waarnemende adjunktdirekteurgeneraal te stuur ter verduideliking van die omvang van die probleem, asook die versoek van die bedryf en die NRCS vir hulp om die probleem aan te spreek.

Die brief is in Januarie 2019 aan DAFF voorgelê en sedertdien het ons verskeie kere navraag gedoen vir 'n reaksie op die skrywe. Uiteindelik, na amper 6 maande, kan ons rapporteer dat ons genooi is om in die eerste week van Julie met die waarnemende DDG te vergader. Ons het begrip dat sommige lede uiters gefrustreerd is oor die stadige vordering om die probleem op te los, veral weens die feit dat die industrie heffings aan die NRVS moet betaal vir oneffektiewe en bykans geen regulering nie. Ons versoek egter dat lede geduldig sal wees terwyl ons na die moontlikheid van oplossings kyk in samewerking met belanghebbendes by DTI en die Bosbou tak wat voortaan onder omgewingsake sal ressorteer.

## NRVS GEWYSIGDE TARIWE

Die jongste NRVS gewysigde tariewe is op 3 Mei 2019 in die regeringskoerant gepubliseer. Met die datum van publikasie aangedui as die effektiewe datum word dit verwag dat NRVS die nuwe tarief vir die tweede kwartaal sal inwerking stel i.e. vanaf 1 April 2019, of dalk selfs eers vanaf die derde kwartaal met ingang van 1 Julie 2019.

Commodity description	Unit	Previous tariff	Previous tariff Type 5 <sup>a)</sup> certified plants	New tariff	New tariff Type 5 <sup>a)</sup> certified plants
		R	R	R	R
		1 Jan 2018 to 31 Mar 2019		1 Apr 2019 or 1 June (TBC) until next annual increase	
Preservative treated timber (VC 9092)	1 m <sup>3</sup>	1.33 <sup>b)</sup>	<u>1.20</u>	1.40 <sup>b)</sup>	<u>1.26</u>
Application fee for the approval of a manufacturing facility (LOA) for the preservative treatment of timber – Non-refundable	Per facility	1 352.00		1 418.25	
Application for extension or amendment of approval – Non-refundable	Per application	570.00		597.00	
Application for a sales permit – Non-refundable <sup>b)</sup>	Per application	2 800.00		3 155.53	
<p>a) The type 5 tariff is applicable on all plants that are certified by a SANAS accredited type 5 certification body i.e. type 5 levy should be applicable to all plants registered and certified in South Africa.</p> <p>b) The higher tariff published additional to the type 5 certified Tariff is assumed to be applicable to new plants in the process of obtaining certification and an LOA</p> <p>c) Typically sales permits will be required for processing plants that are situated outside South Africa and that supply treated timber to entities in South Africa through a registered associated or partnering business in South Africa. A sales permit may also apply to new plants within South Africa that are in the process of obtaining their certification and for the interim producing under a consignment inspection approval system in order to market and sell their product.</p>					

## SAWPA LEDE-OPNAME

Die SAWPA opname, waarna verwys is in Nuusbrieff 220 van Mei 2019, is op 19 Junie per e-pos aan lede gestuur. Soos verduidelik in die meegaande inleidingsbrief, is die doel van die opname om te bepaal of SAWPA op hoogte bly met die lede se behoeftes en verwagtinge. Die terugvoer sal ons lei oor hoe die vereniging vorentoe die lede moet dien, d.w.s. om met die huidige doelwitte voort te gaan, of om doelwitte en dienste aan lede verder uit te brei. Lede word dus versoek en herinner om die vraelys te voltooi en terug te stuur aan SAWPA, verkieslik teen 30 Junie, maar op die laatste teen 5 Julie.

## STATUS VAN SANS STANDAARDE

Lede moet asseblief daarop let dat alhoewel die hersienings van al die paalstandaarde afgehandel is, die nuwe standaarde nie in werking kan tree alvorens die hersiene SANS 1288 voltooi is nie. Ongelukkig neem SANS 1288 langer as wat verwag is. Ons skat dat dit ten minste nog 4 tot 6 maande sal duur voordat dit gepubliseer word.

Dit beteken dat die vorige uitgawes voor 2018/19, naamlik SANS 457-2: 2008, SANS 457-3: 2013, SANS 753: 2009 en SANS 754: 2013, en al die vereistes daarin vervat geldig bly tot SANS 1288: 2019/20 gepubliseer word. Lede word herinner om nie die nuwe standaarde aan te koop nie. SAWPA sal elektroniese kopieë aan alle lede voorsien, onder 'n lisensie-ooreenkoms tussen SAWPA en die SABS.

## VERSLAG OOR IRG50 QUEBEC CITY, KANADA – 12 TOT 16 MEI 2019



Die IRG50-konferensie is van 13 tot 16 Mei 2019 in Quebec, Kanada gehou. Ons is bly om te rapporteer dat SAWPA 'n ondersteunende sowel as deelnemende rol by die konferensie gespeel het, eerstens as 'n bronskategorieborg uit oorskotfondse van IRG 49 en deur Bruce se betrokkenheid 'n lid van die IRG Uitvoerende Raad vergadering tydens die twee dae voor die konferensie, en weer as 'n mede-sameroeper van die Toetsmetodologie en Assessering werkgroep tydens die konferensie.

Die konferensie is deur 211 deelnemers uit 30 verskillende lande bygewoon. Altesaam 86 referate en 20 plakkate is aangebied oor aspekte van houtbeskerming wat verband hou met *Biologie, Toetsmetodologie en Assessering, Houtbeskermingschemikalieë, Prosesse en Eienskappe, en Volhoubaarheid en Omgewing*. Daar is ook drie spesiale sessies gehou wat handel oor *Kennisoordrag in Houtbeskerming, die Beskerming van Volhoubare Hout-infrastruktuur en Massahout - Beskerming van sy potensiaal*. Massa houtprodukte soos kruis gelamineerde hout (CLT) lok al hoe meer belangstelling en sover die beskerming van hout ook t.o.v. beskermingstelsels, wat sal verseker dat massahoutstrukture en -geboue oor die langtermyn t.o.v. van duursaamheid sal presteer.

Die volgende referate is slegs 'n paar van die wat tydens die konferensie aangebied is:

19-50361	Durability in climate change – Implications for wood building structures in Canada
19-30735	Protecting sustainable wood infrastructure – Improving the performance of poles, piles, ties and timbers with dual treatments
19-30738	Copper Naphthenate: A product for all seasons: Protecting America's infrastructure for over 100 years and potential for expanded usage in Europe
19-40875	Durability testing of mass timber building elements: a call for a collaborative trial
19-40879	Fungal damage in Norwegian massive timber elements – causes and measures
19-20659	Durability classification of preservative treated wood and modified wood
19-40858	Study on the ability of wood-destroying fungi to grow through chemically modified wood
19-50351	Wood protecting techniques and natural weathering: their effect on aesthetics and preference of people
19-30739	Boron dual-treatments for Douglas-fir utility poles: tracking boron migration over time
19-30742	Performance of field cut preservatives ( <i>remedial</i> ) above-ground and in ground contact exposures
19-30744	Development of a suitable fire retardant for radiata pine and other species ( <i>pressure process</i> )
19-20655	Improvement of analytical methods of wood preservatives and its validation with collaborative testing
19-20648	Durability by design – a case study of the performance of wooden decks after 9.5 years of natural weathering

### NUUSBROKKIES

- 2020 SAWPA-kalender: Ons versoek graag lede met hoë resolusie foto's van projekte, wat die gebruik van behandelde hout mooi uitbeeld, om dit aan ons te stuur vir oorweging in die 2020 SAWPA-kalender. Erkenning sal gegee word aan die maatskappy / persoon wie se foto's gebruik word.
- SAWPA het onlangs tot sosiale media toegetree met die daarstel van 'n Facebook-blad. Die doel van die blad is om inligting oor houtverduursaming en produkte met die breë verbruikerspubliek te deel. Die blad is nog in die beginstadium en sal met verloop van tyd uitgebrei word. Lede word versoek om die blad te besoek, daarvan te

hou, en so wyd as moontlik te deel. <https://www.facebook.com/SAWPA-South-African-Wood-Preservers-Association-804121316426548>

- Lede word herinner dat die veiligheidsetikette steeds beskikbaar is by SAWPA. Kontak vir Judy by [admin@sawpa.co.za](mailto:admin@sawpa.co.za) of 011 9741061 indien u wil bestel. Met die verwagte uitreiking van SANS 10005:2019 Ed 9, word die aanbring van produkveiligheidsmaatreëls binnekort 'n vereiste, en nie net meer 'n aanbeveling soos in die verlede nie.

Neem kennis dat ons e-posadresse verander het. Die hoof e-pos adres is nou [admin@sawpa.co.za](mailto:admin@sawpa.co.za) en Bruce se adres is nou [bruce@sawpa.co.za](mailto:bruce@sawpa.co.za).

Groete

**BRUCE BREEDT**

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbriëf gemaak is nie.

---

SAWPA, PO Box 686, Isando 1600  
Tel: 011 974 1061 Website: [www.sawpa.co.za](http://www.sawpa.co.za) Email: [admin@sawpa.co.za](mailto:admin@sawpa.co.za)